net 'n druppel

Beste kliënt,

Die *Net 'n druppel*-projek het verlede week afgeskop met hulp aan boere wat steeds onder die droogtetoestande gebuk gaan en gemeenskappe in nood as gevolg van die Covid-19-pandemie. Ons sal binnekort met julle deel hoe die projek vorder.

Soos ons voorheen gekommunikeer het, het ons maklike kanale geskep waar produsente en die algemene publiek kan bydra om selfs nog verder 'n verskil te maak. Onthou, jy kan kies of jou hulp moet gaan aan boere wat steeds gebuk gaan onder die droogte-toestande, of gemeenskappe wat swaar kry as gevolg van die Covid-19-pandemie, of albei. Fondse vir landbouhulp sowel as gemeenskappe sal aangewend word om voedselprodukte beskikbaar te stel deur die GWK-handelstaknetwerk. Dit word in die gemeenskappe versprei met behulp van insette van Agri Noord-Kaap vir droogtehulp en ook deur liefdadigheid- en kerkorganisasies wat ons geïdentifiseer het.

Produsente kan maklik 'n bydrae maak deur eenvoudig 'n skenking te maak van 'n gedeelte van jou lewering van enige produk, waarvan die kontantwaarde na die hulp-fonds gekanaliseer word. Daarvoor is twee leweringsnommers geskep.

Net 'n druppel (Landbou) – 7254900
Net 'n druppel (Algemene publiek) – 7255000

Daar is nou ook die opsie om 'n finansiële bydrae te maak deur 'n spesiale hulpfonds-rekening.

Rekeningbesonderhede:

Standard Bank
Rekeningnommer: 242 245 099
Verwysing: Landbou (vir boere in nood) of Algemene publiek (vir gemeenskappe in nood)

Vir enige algemene navrae stuur 'n e-pos na druppel@gwk.co.za of besoek www.gwk.co.za.

Vriendelike groete,
***Net 'n druppel*-span**